

## Etes van VKO-sentrums kan help om in kinders se basiese voedingsbehoefes te voorsien

Yolande Smit en Lianne du Plessis\*

Die Suid-Afrikaanse regering het die eerste Saterdag van November as [Nasionale Kinderdag](#) verklaar (op 2 November in 2024). Die doel van hierdie dag is om vordering te benadruk wat gemaak is met die verwesenliking en bevordering van die regte van kinders.

Art. 28(1)(c) van die Grondwet van Suid-Afrika gee aan kinders “die reg op basiese voeding en basiese gesondheidsorgdienste”. Boonop bepaal Art. 14 (2)(c) van die [Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind](#) dat deelnemende state maatreëls sal tref “om die voorsiening van voldoende voeding te verseker...”.

By die jaarlikse [Internasionale Maatskaplike Geregtigheidskonferensie en -Beraad](#) wat onlangs in Kaapstad gehou is, het hoëvlakbesprekings tussen beleidmakers, staatsamptenare en verteenwoordigers van die burgerlike samelewing plaasgevind. Regter Edwin Cameron het in sy hoofrede gesê: “Ons Grondwet is ’n pragtige dokument, maar ons het dit nie verwesenlik nie. Artikel 27 lui dat almal in hierdie land die reg op toegang tot voldoende voedsel het, maar dit is nie ten uitvoer gebring nie.” Hy het hierdie opmerkings gemaak teen die agtergrond van statistieke oor kinderwanvoeding in die land en huishoudings wat voedselonsekerheid ervaar. In 2022 het [20% van kinders in huishoudings gewoon wat gemeld het dat hulle weens ’n gebrek aan geld nie meer kos het nie](#), terwyl 25% in huishoudings gewoon het wat gedwing is om die verskeidenheid van kosse wat hulle kan bekostig om te koop, te verminder.

Ondanks die reg op voldoende voeding vir kinders het die voedingstatus van jong kinders in Suid-Afrika dus ’n deurlopende bron van openbare gesondheidskommer gebly. Meer as ’n kwart van kinders onder die ouderdom van vyf se groei is belemmer, wat beteken hulle is te kort vir hul ouderdom. Dwerggroei is ’n gevolg van chroniese wanvoeding en ontbering en hierdie toestand het ’n nadelige uitwerking op kinders se gesondheid en welstand, met inbegrip van kognitiewe ontwikkeling. Ná die ouderdom van twee is dit moeilik om die nadelige gevolge van dwerggroei om te keer. Daarteenoor is 13% van kinders onder die ouderdom van vyf oorgewig of vetsugtig, ’n toestand wat deels toegeskryf word aan die oormatige inname van ultra-verwerkte kos met ’n lae voedingswaarde wat baie vet, suiker en sout bevat en van koeldrank wat met suiker versoet is.

Die eerste 1 000 dae van ’n kind se lewe (bevrugting tot en met ’n kind se tweede verjaardag) is die mees kritieke tydperk vir voedingsintervensies. Daarbenewens toon bewyse dat die tweede 1 000 dae, wanneer kinders tussen die ouderdom van twee en vyf jaar is, belangrik vir ontwikkeling bly. Dit is die ouderdom wanneer baie kinders die een of ander vorm van ’n vroeë leerprogram in Suid-Afrika bywoon.

[’n Sensus in 2021 oor vroeë kinderontwikkelingsdienste in Suid-Afrika](#) het getoon dat meer as 42 000 kinders onder die ouderdom van vyf toegang tot dié dienste het. Gedurende hierdie ouderdomstydperk verken kinders nuwe kos en ontwikkel nuwe smake. Dieetpatrone wat tydens die kinderjare gevestig is, duur tot in volwassenheid voort en kan die risiko van chroniese siektes laat in die lewe verhoog of verlaag. Sentrums vir vroeë kinderontwikkeling

(VKO) is dus perfek geïmplementeer om kwesbare kinders te bereik en hul voedselinname en -voorkeure te beïnvloed, aangesien baie kinders tot agt ure per dag in hierdie kindersorgfasiliteite deurbring.

[Etes word by feitlik alle VKO-sentrums aan kinders bedien](#). Goed beplande spyskaarte kan verseker dat kinders voorsien word van minstens 'n derde tot die helfte van hul aanbevole daaglikse voedingsbehoefte terwyl hulle in sorg is. Vir baie kinders is dit dalk die enigste maaltyd wat hulle per dag sal ontvang, wat die potensiaal beklemtoon om kinders se basiese voedingsbehoefte en ander voedingsdienste wat by VKO-sentrums verskaf word, aan te spreek.

Om rigting aan VKO-sentrums te gee het die Departement van Gesondheid voedingsriglyne vir VKO-programme ontwikkel. Hierdie riglyne verskaf inligting oor voldoende en toepaslike maaltye, spyskaartbeplanning, voedselvoorbereiding, higiëne en veiligheidsaspekte en kan bydra tot voedingsorg van gehalte in VKO-sentrums. Ongelukkig is die riglyne nie afdwingbaar nie en is daar nie duidelikheid oor [die omvang van implementering](#) nie.

'n Verdere bekommernis is die werklike voedingswaarde en dieetdiversiteit van kos wat by hierdie sentrums bedien word, veral die voorsiening van vrugte en groente as deel van dié maaltye. Dit sou verklaar kon word deur 'n gebrek aan finansiële hulpbronne en die beskikbaarheid en koste van hierdie gesonder voedselopsies.

Sonder bykomende ondersteuning, veral vir vroeë leerprogramme in armer gemeenskappe, sal dit baie moeilik wees om maaltye te bedien wat aan die voedingsriglyne voldoen. Geregistreerde VKO-sentrums wat kwalifiseer, kan vir die [VKO-subsidie van R17 per kind per dag](#) aansoek doen. 40% (oftewel R6,80) van hierdie subsidie is vir voeding bedoel. Dit is eenvoudig nie genoeg om die voorsiening van etes met voldoende voedingswaarde te verseker nie. Die probleem word vererger deurdat slegs 40% van vroeë leerprogramme in die land volledig of voorwaardelik geregistreer is en slegs 'n derde die staatsubsidie ontvang.

Voedselvoorsiening by VKO-sentrums dra darem tot die onmiddellike verligting van honger en voedingsonsekerheid onder kinders by. Die befondsingsmodel vir VKO-sentrums moet egter dringend hersien word. Versuim om die VKO-subsidie te verhoog sal hierdie kinders se reg op voldoende voeding skend. Die opleiding van VKO-personeel gebaseer op die bestaande voedingsriglyne, asook monitering en ondersteuning deur die regering en nie-regeringsorganisasies, moet voorkeur geniet.

Die koördinerende rol van VKO-dienste wat na die Departement van Basiese Onderwys verskuif het, hou potensiaal vir die VKO-sektor in. [Hierdie funksieverskuiwing bied nuwe geleenthede](#) om voedingsprogramme by VKO-sentrums te versterk, asook om wanvoeding onder voorskoolse kinders aan te pak deur te put uit suksesse van die Nasionale Skoolvoedingsprogram wat nege miljoen kinders bereik, insluitend gr. R'e, maar wat vroeë leerprogramme uitsluit. Etes wat by skole bedien word, bied 'n veiligheidsnet vir kwesbare kinders en daar is getoon dat dit ook skoolbywoning verbeter.

Terwyl ons Nasionale Kinderdag vier, moet ons mekaar ook daaraan herinner dat die verskaffing van VKO-dienste 'n kollektiewe openbare diens is, gegrond op die erkenning dat

VKO-sentrums bydra tot die verwesenliking van die regte, ontwikkeling en uitkomste van die kind, asook tot die groei en ontwikkeling van die samelewing.

**\*Dr Yolande Smit is 'n dosent en prof Lisanne du Plessis 'n mede-professor in die Afdeling Menslike Voeding in die Departement Globale Gesondheid van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch.**